ONS GLO

# LAERSKOOL RANDHART

Samuelstraat, Randhart, Alberton
☎ (011) 864-5110/1
🖷(011) 864-1361
e-pos: laerrant@global.co.za
Webblad: www.randhartlaer.co.za

50
1974
2024

## BlitZ Nuus 2/2024

8 Februarie 2024

Geagte Ouers / Voogde

Neem asseblief kennis van die volgende belangrike inligting:

- **Ondersteunersklub : Ken-mekaarbraai**
  Hierdie kuiergeleentheid vind plaas op Vrydag 9 Februarie van 18h00 tot 22h00 op die rugbyveld. Kom kuier gerus saam. U kan dan ook kennis maak met die onderwysers en ouers wat deel is van die #Rantiefamilie. Onthou u eet- en drinkgoed, asook kampstoele en eetgerei.

- **Valentynsokkie : Graad 3 tot 7 leerders**
  Die Valentynsokkie vind ook op Vrydagaand, 9 Februarie plaas vanaf 18h00 tot 21h00. Dit sal onder die KDA-afdak plaasvind. Kaartjies is beskikbaar op D6-Connect (Sticitt) . Daar sal ook heerlike snoepgoed verkoop word. Indien u die ken-mekaarbraai bywoon, kan u kind gebruik maak van die “KDA-hek” vir ingaan en uitgaan. Indien u nie by die skool is nie, is die op- en aflaaipunt die hek voor die skoolsaal.

- **Interlaer : Woensdag 14 Februarie**
  Dit is weer tyd vir ons Interlaer wat by Germiston Atletiekstadion plaasvind. Die skool sal dan ook op hierdie dag **gesluit wees,** aangesien die oorgrote meerderheid van die personeel as beamptes sal optree. U word dus versoek om vroegtydig toesigreëlings vir u kind(ers) op hierdie dag te tref.

Vriendelike groete.

Me. Marlene Gerber
Skoolhoof